



What's happening with literacy?

Each year on 8 September the world celebrates **International Literacy Day**. On this day, we think about the role that reading and writing plays in our lives and we recommit ourselves to working towards making illiteracy a thing of the past, in South Africa and across the world.

So, where are we in 2017 with this "literacy" thing in South Africa? Unfortunately, the news is NOT good – for neither adults nor children! According to the study, *Learning to Read and Reading to Learn*, published in 2016, 58% of our Grade 4 children do not understand what they are reading and 29% are completely illiterate.

The South African Book Development Council's national reading survey in 2016 doesn't offer any better news. It showed that adult South Africans read for only 6,2% of their leisure time. Of the 4 000 South Africans over the age of 16 who took part in this study, only 3% had been read to at home when they were children. Not all the participants in the study had children themselves, but of those who did only:

- 13% encourage their children to read
- 6% read to their children
- 5% tell stories to their children.

The problem with illiteracy is not only that people do not get to experience the joy of reading and writing. The problem is that illiteracy prevents people from achieving their full potential. And if individuals are not achieving their full potential, then neither is our country. In fact, illiteracy comes with a large price tag. In 2010, it was estimated that illiteracy costs South Africa R450 billion each year!

It is easy to become overwhelmed with the bad news, but we don't have to. It just means that we have to continue to work hard and constantly at changing the South African literacy landscape. One of the ways we can all do this is to make sure that we inspire the children we have contact with to want to read and write – and then to help them discover and unlock the joy and power in reading and writing.

We can do this by supporting the work of literacy organisations across the country who together reach tens of thousands of children. But we can also do it in small ways with the children in our lives by:

- reading aloud to them for at least 15 minutes a day
- making sure that they have as many books to read as we can find
- providing opportunities for them to learn *why* we write, as well as *how* to write, by for example, making shopping lists, leaving notes or reminders for friends and family members, filling in forms and creating their own stories
- reading and writing ourselves so that we are literacy role models for our children.

Each of us has the power to help children use reading and writing in powerful ways throughout their lives! How will you take up this challenge?

What's inside?

- ★ Ideas for celebrating International Literacy Day
- ★ A poster
- ★ Two stories about the importance and value of reading
- ★ How to make your own book

Wat's binne?

- ★ Idees om Internasionale Geletterdheidsdag te vier
- ★ 'n Plakkaat
- ★ Twee stories oor die belangrikheid en waarde van lees
- ★ Hoe om jou eie boek te maak

Hoe vorder ons met geletterdheid?

Elke jaar op 8 September vier die wêreld **Internasionale Geletterdheidsdag**. Op hierdie dag dink ons aan die rol wat lees en skryf in ons lewens speel, en ons verbind onself opnuut daartoe om ongeletterdheid iets van die verlede te maak, in Suid-Afrika, en oor die hele wêreld.

Waar bevind ons ons dan in 2017 in Suid-Afrika met die "geletterdheidskwessie"? Ongelukkig is dit NIE goeie nuus NIE – nie vir volwassenes of kinders nie! Volgens die studie, *Learning to Read and Reading to Learn*, wat in 2016 gepubliseer is, verstaan 58% van ons Graad 4-kindere nie wat hulle lees nie, en 29% is heeltemal ongeletterd.

Die bevindinge van die South African Book Development Council se nasionale leesopname in 2016, is nie beter nie. Dit het gewys dat volwasse Suid-Afrikaners vir slegs 6,2% van hul vrye tyd lees. Van die 4 000 Suid-Afrikaners wat ouer as 16 is en aan hierdie studie deelgeneem het, sê slegs 3% dat daar tuis vir hulle gelees is toe hulle kinders was. Nie al die deelnemers aan die studie het self kinders nie, maar van dié wat het, het slegs:

- 13% hul kinders aangemoedig om te lees
- 6% vir hul kinders gelees
- 5% vir hul kinders stories vertel.

Die probleem met ongeletterdheid is nie slegs dat mense nie die vreugde van lees en skryf ervaar nie. Die probleem is dat ongeletterdheid mense daarvan weerhou om hul volle potensiaal te bereik. En as individue nie hul volle potensiaal bereik nie, is dit ook die geval met ons land. Trouens, ons betaal 'n prys vir ongeletterdheid. In 2010 is daar beraam dat ongeletterdheid Suid-Afrika elke jaar R450 miljard kos!

Dit is maklik om oorweldig te raak deur die slegte nuus, maar dis nie nodig nie. Ons moet eerder aanhou om konstant hard te werk om die Suid-Afrikaanse geletterdheidslandskap te verander. Een van die maniere waarop ons dit kan doen, is om seker te maak dat ons die kinders met wie ons in aanraking kom, inspireer om te wil lees en skryf – en om hulle dan te help om die vreugde en krag van lees en skryf te ontdek en te ontsluit.

Ons kan dit doen deur die werk te ondersteun van geletterdheidsorganisasies oor die hele land heen, wat saam tienduiseende kinders bereik. Maar ons kan dit ook op klein maniere met die kinders in ons lewens doen deur:

- vir minstens 15 minute per dag hardop vir hulle te lees
- seker te maak dat hulle soveel boeke soos wat ons kan vind, het om te lees
- vir hulle geleenthede te gee om te leer *waarom* ons skryf, asook *hoe* om te skryf, deur byvoorbeeld inkopielyste te skryf, vir vriende of familieleden notas te los, vorms in te vul en hul eie stories te skep
- self te lees en te skryf sodat ons geletterdheidsrolmodelle vir ons kinders is.

Elkeen van ons het die mag om ons kinders te help om lees en skryf op kragtige maniere regdeur hul lewens te gebruik! Hoe gaan jy hierdie uitdaging aanvaar?



Drive your imagination

Join us in taking the power of stories to the next level. Let's go!

Kom ons neem saam die krag van stories na die volgende vlak. Komaan!




8 ideas for celebrating International Literacy Day



Here are eight ways for you and your children to celebrate International Literacy Day – on 8 September and afterwards!

1. Read the cut-out-and-keep book, *Graça's dream*, to your children. This is the inspiring story of Graça Machel and her dream to instil a love of reading in children. Afterwards, invite your children to think of someone they know who is passionate about reading and/or writing and who tries to inspire others to read and write. Suggest that they write their own stories about these people to share with others.
2. Jamela and Papa Lucky from *Hanna's friends* (page 14) are characters from picture books by South African children's author, Niki Daly. Which story characters are your children's favourites? Encourage them to draw pictures of one or more of their favourite story characters and then to make up a new story featuring these characters.
3. Let the children use the blank book on page 4 and follow the instructions on page 3 to create their own books, which they can share with others.
4. Start a bookmaking group. Find a space to host this group and then get together regularly to make books. Invite anyone who is interested! There are plenty of jobs for children and adults – cutting, stapling, drawing and writing. Include adults or children who are unable to read or write by asking them to tell stories that can be made into books by others.
5. Set up a story corner at your library or clinic, in each classroom at your school and even in your home! Use this special place to read and tell stories throughout September. Take this one step further by decorating passages with posters about stories and reading, and by painting doors with characters from books or with the Nal'ibali characters.
6. During September, set aside a special time each day in which everyone stops doing whatever they are busy with and reads for enjoyment for 15 minutes. Stick to the same time each day and encourage everyone to continue doing this even when you are not together as a group, like over weekends. This is a great way to help establish the habit of reading regularly.
7. Organise a family fun day that has a literacy focus and invite the whole community. Plan a variety of stations or activity centres where adults and children can play clapping or skipping games, play board games, make cards and/or posters, draw and paint, write stories, make puppets, dress up and use props to play together, tell stories and read stories.
8. Ask the children at your reading club or in your class to write a review of a book that they would recommend to others. Over the next few months, encourage all the children to read these recommended books. Then ask them to vote for their favourites so that together you can create a Top Ten book list.

8 idees om Internasionale Geletterdheidsdag te vier



Hier volg agt idees vir jou en jou kinders om Internasionale Geletterdheidsdag te vier – op 8 September en daarna!


1. Lees die knip-uit-en-bêreboekie, *Graça se droom*, vir jou kinders. Dit is die inspirerende verhaal van Graça Machel en haar droom om 'n liefde vir lees by alle kinders te kweek. Nooi na die tyd jou kinders om aan iemand te dink wat passievol is oor lees en skryf, en/of wat probeer om ander te inspireer om te lees en te skryf. Stel voor dat hulle hul eie stories oor hierdie mense skryf om met ander te deel.
2. Jamela en Papa Lucky in die storie, *Hanna se maats* (bladsy 15), is karakters uit prenteboeke deur die Suid-Afrikaanse kinderboekskrywer, Niki Daly. Watter storiekarakters is jou kinders se gunsteling? Moedig hulle aan om prente van een of meer van hul gunstelingkarakters te teken en dan 'n nuwe storie met hierdie karakters op te maak.
3. Laat die kinders die blanko boekie op bladsy 4 gebruik en die aanwysings op bladsy 3 volg om hul eie boeke te maak wat hulle met ander kan deel.
4. Begin 'n boekmaak-groep. Vind 'n plek waar hierdie groep kan bymekaar kom en kom dan gereeld bymekaar om boeke te maak. Nooi enigiemand wat belangstel uit! Daar is baie take vir kinders en volwassenes – knip, kram, teken en skryf. Betrek volwassenes of kinders wat nie kan lees of skryf nie deur hulle te vra om stories te vertel wat die ander kan gebruik om boeke mee te maak.
5. Rig 'n storiehoekie by jou biblioteek of kliniek, in elke klaskamer by jou skool, of selfs in jou huis in! Gebruik hierdie spesiale plek om regdeur September stories te vertel en te lees. Neem dit een stappie verder deur gange met plakkate oor lees en stories te versier, of deur karakters uit boeke of die Nal'ibali-karakters op deure te verf.
6. Sit gedurende September elke dag 'n spesiale tyd opsy wanneer almal ophou met dit waarmee hulle besig is, en 15 minute lank vir genot lees. Hou by dieselfde tyd elke dag en moedig almal aan om voort te gaan hiermee, selfs al is julle nie as 'n groep bymekaar nie, soos oor naweke. Dit is 'n wonderlike manier om die gewoonte te vestig om gereeld te lees.
7. Reël 'n familieprettdag met 'n geletterdheidsfokus en nooi die hele gemeenskap uit. Beplan verskeie stasies of aktiwiteitsentrums waar volwassenes en kinders klap- of springspeletjies of bordspeletjies kan speel, kaartjies en/of plakkate kan maak, kan teken en verf en stories kan skryf.
8. Vra die kinders by jou leesklub of in jou klas om 'n resensie te skryf van 'n boek wat hulle graag vir ander wil aanbeveel. Moedig al die kinders oor die volgende paar maande aan om hierdie aanbevole boeke te lees. Vra hulle dan om vir hul gunsteling te stem sodat hulle saam 'n lys van Top Tien-boeke kan maak.



Make your own book!

Be an author and an illustrator! Use the blank book on the next page and create your own book to share with others.

1. Fold the page in half along the red dotted line.
2. Paste the two halves together.
3. Fold the strip of paper along the black lines to create a zigzag book.
4. Think about what you would like your book to be about. It could be a storybook, or it could be a counting book for young children. It could also be a book about yourself – your favourite things, your friends, your family members, and anything else that makes you, you!
5. Draw pictures and write about this on pages 2 to 8 of your book.
6. Think about a good title for your book and write this on page 1. Draw a picture too. Remember to write the author's and illustrator's name – that's you!



Maak jou eie boek!

Wees 'n skrywer en 'n illustreerder! Gebruik die blanko boek op die volgende bladsy en maak jou eie boek om met ander te deel.

1. Vou die bladsy in die helfte op die rooi stippellyn.
2. Plak die twee helftes aan mekaar vas.
3. Vou die strook papier op die swart lyne om 'n sigsag-boek te maak.
4. Dink na waarom jy wil hê jou boek moet gaan. Dit kan 'n storieboek wees, of dit kan 'n tel-boek vir jong kinders wees. Dit kan ook 'n boek oor jouself wees – jou gunstelingdinge, jou maats, jou familielede, en enigiets anders wat van jou *jou* maak!
5. Teken prente en skryf hieroor op bladsye 2 tot 8 van jou boek.
6. Dink aan 'n goeie titel vir jou boek en skryf dit op bladsy 1. Teken ook 'n prent. Onthou om die skrywer en illustreerder se naam ook neer te skryf – dis natuurlik jy!

Nal'ibali is 5 years old!

Can you believe it? In June 2017, Nal'ibali turned 5 years old. In this short space of time, this is what we have achieved together with you ... and we're just getting started.

- ★ **1 471** reading clubs launched in **7** provinces
- ★ **63 687** children reached
- ★ **77** brand-new stories created, and **314** translations of these stories done
- ★ **125** editions of the Nal'ibali Supplement published
- ★ **3 990 977** copies of the Nal'ibali Supplement delivered to reading clubs and schools
- ★ **2 940** FUNda Leaders signed up
- ★ **10 181** adults received reading-for-enjoyment training
- ★ **5 304** radio shows aired, which reached **7** million listeners each week.

Over the next five years, join us as we spark even more children's potential through storytelling and reading, and make a real difference to the literacy landscape in South Africa!

Nal'ibali is 5 jaar oud!

Kan jy dit glo? In Junie 2017 het Nal'ibali 5 jaar oud geword. In hierdie kort tydjie het ons die volgende saam met jou bereik ... en ons kom nou eers aan die gang.

- ★ **1 471** leesklubs in **7** provinsies geloods
- ★ **63 687** kinders bereik
- ★ **77** splinternuwe stories geskep, en **314** vertalings van hierdie stories gedoen
- ★ **125** uitgawes van die Nal'ibali-bylae gepubliseer
- ★ **3 990 977** eksemplare van die Nal'ibali-bylae by leesklubs en skole afgelewer
- ★ **2 940** FUNda Leaders ingeskryf
- ★ **10 181** volwassenes het lees-vir-genot-opleiding ontvang
- ★ **5 304** radioprogramme uitgesaai, wat elke week **7** miljoen luisteraars bereik het.

Sluit in die volgende vyf jaar by ons aan soos wat ons meer kinders se potensiaal deur lees en die vertel van stories ontwikkel en 'n werklike verskil aan die geletterdheidslandskap in Suid-Afrika maak!



Create a poster and a cut-out-and-keep book

1. Tear off pages 9 and 10 of this supplement. This is your International Literacy Day poster!
2. To make the book, *Graça's dream*, use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
3. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
4. Fold the sheets in half along the black dotted line.
5. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
6. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak 'n plakkaat en 'n knip-uit-en-bêreboekie

1. Skeur bladsye 9 en 10 van hierdie bylae af. Dit is jou plakkaat vir Internasionale Geletterdheidsdag!
2. Om die boek, *Graça se droom*, te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
3. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
4. Vou die papier in die helfte op die swart stippellyn.
5. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
6. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

1

8



2

7

3


9

4


5

Back at home people were still not free. But now Graça had an education, skills, and hope. She also had friends who felt as she did about children's right to learn.

In Mosambiek was mense nog nie vry nie. Maar nou het Graça 'n opvoeding, vaardigheid en hoop gehad. Sy het ook vriende gehad wat soos sy gevoel het oor kinders se reg om te leer.



“Every child should own a hundred books by the age of five.”



Find out more at bookdash.org. Read our books for free, in all 11 languages, on the Android app. Search for “Book Dash” in the Google Play store.

All Book Dash books are open-licensed and are created by volunteer professionals at Book Dash events.




Graça's dream Graça se droom

*Melissa Fagan
Karlien de Villiers
Marike le Roux*



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi






Sy het haar kennis gebruik en
saam met haar vriende gewerk.
Saam het hulle verandering na
Mozambiek bring.

She would use her
knowledge and work
with her friends,
Together they would
bring change
to Mozambique.



Graça was about to be born in a small village in Mozambique. The country was poor and the people did not yet rule themselves. Children didn't have good schools and many couldn't read. Graça's mother dreamed of giving her children better opportunities. But without education there was little hope.





Al hierdie dinge het Graça baie gelukkig gemaak. Maar daar was nog een ding wat haar steeds hartseer gemaak het ...

Graça het haar bes gedoen in daardie stadskool, en jare later is sy weer geseen. Dit was met 'n ander beurs om aan 'n universiteit in die verre Portugal te gaan studeer. Sy het nuwe vriende gemaak, nuwe tale aangeleer en baie boeke gelees. Sy het haar droom om 'n onderwyser te word, bewaarheid.

Sy het daarvan gedroom om 'n onderwyser te word en haar opvoeding te gebruik om ander op te voed. Sy wou hê die kinders van haar geliefde Mosambiek moes kan lees en skryf. Sy het gedroom van 'n tyd dat alle kinders sou skool toe gaan.

All this made Graça very happy. There was only one thing that still made her sad ...

Graça did her best in that city school and years later she was blessed again. It was another scholarship to attend a university in faraway Portugal. She met new friends, learned new languages and read a bounty of books. She realised her dream of becoming a teacher.

She dreamed of becoming a teacher and using her education to educate others. She wanted the children of her beloved Mozambique to know reading and learning. She dreamed of a time when all children would go to school.


Graça mourned Samora for many years, but she found love again. She met a man who had also spent his life dreaming of bringing freedom, hope and education to his people.


Graça married Nelson Mandela and together they worked to help Africa's children.

Graça het baie jare lank oor Samora getreur, maar sy het weer liefde gevind. Sy het 'n man ontmoet wat ook sy lewe lank gedroom het om vryheid, hoop en opvoeding vir sy mense te bring.

Graça het met Nelson Mandela getrou en hulle het saam gewerk om Afrika se kinders te help.

Graça sou binnekort in 'n klein dorpie in Mosambiek gebore word. Die land was arm en die mense het nog nie hulself regeer nie. Kinders het nie goeie skole gehad nie, en baie van hulle kon nie lees nie. Graça se ma het daarvan gedroom om vir haar kinders beter geleenthede te gee. Maar sonder opvoeding, was daar maar min hoop.





Uitendelk, met die hulp van al haar vriende,
was Mosambiek vry!

Finally with the help of all her friends,
Mozambique was free!

Baby Graça would be the sixth child. But with this joyous event there was great sadness. Their beloved father was dying.

Baba Graça sou die sesde kind wees. Maar hierdie vreugdevolle gebeurtenis het ook groot hartseer gebring. Hul geliefde pa was besig om te sterf.





Graça en Samora het twee kinders gehad. Hulle het 'n droom gedeel om 'n goeie lewe vir hul eie gesin en die mense van Mosambiek te skep. Hulle was gelukkig en vol hoop.

Toe, een verskriklike dag, sterf Samora in 'n vliegongeluk.




**Reading is out
of this world!**



Malibook!



Lees verbroed
jou wêreld!



Wêreldboek





Graça worked hard at school and as a teenager she received a gift that would change her life. It was a scholarship to attend a rich city school.

Graça het hard gewerk op skool en as tiener het sy 'n geskenk ontvang wat haar lewe sou verander. Dit was 'n beurs om na 'n ryk stadskool te gaan.




The man chosen to lead the country was Graça's special friend, Samora Machel. They fell in love and got married.

Die man wat gekies is om die land te lei, was Graça se spesiale vriend, Samora Machel. Hulle het verlief geraak en getrou.



Graça and Samora had two children. They shared a dream to create good lives for their own family and for the Mozambican people. They were happy and hopeful.

Then one terrible day, Samora died in an aeroplane crash.



Graça and Samora had two children. They shared a dream to create good lives for their own family and for the Mozambican people. They were happy and hopeful.

Then one terrible day, Samora died in an aeroplane crash.



Graça het die belangrike taak gekry om seker te maak dat al die kinders in Mosambiek 'n goeie opvoeding kry. Dit was 'n moeilike taak, want daar was so baie kinders in Mosambiek wat nie kon lees nie. Sy het geweet hulle moet 'n opvoeding kry en wou 'n regte verandering in haar land teweegbring. Sy het met laerskole begin en seuns en dogters in klaskamers ingekry. Haar fokus was geletertheid, en om boeke in kinders se hande te plaas.

Graça was given the important job of making sure that all children in Mozambique got a good education. It was a hard job because there were so many children in Mozambique who couldn't read. She knew that they needed education and wanted to make real change in her country. She started with primary schools and getting boys and girls into classrooms. Literacy was her focus and putting books into children's hands.

He dreamed that his youngest daughter would go to a good school. He knew that education would give her opportunities he had never had. His family promised to make their dad's dream come true.

Just weeks after their dad died, the new baby was born. She was given a name to match the beauty and blessing that she was – Graça. As the years passed, Graça brought much joy to her family and they kept the promise made to their father. Graça would have a good education.

Hy het gedroom dat sy jongste dogter na 'n goeie skool toe sou gaan. Hy het geweet opvoeding sou vir haar geleentheid gee wat hy nooit gehad het nie. Sy familie het belowe om hul pa se droom te laat waar word.

Slegs 'n paar weke na hul pa se dood, is die nuwe baba gebore. Sy het 'n naam gekry wat gepas het by haar skoonheid en die seën wat sy was – Graça. Deur die jare het Graça vir haar familie groot vreugde gebring, en hulle het hul belofte aan hul pa nagekom. Graça sou 'n goeie opvoeding kry.




Story Bosso is here!

Story Bosso is Nal'ibali's annual multilingual storytelling talent search. It takes place across the nation this September! To celebrate South Africa's rich heritage of storytelling, Nal'ibali invites all South Africans - young and old - to have fun telling and sharing stories in any of the country's 11 official languages.

In 2016, the people who entered the Story Bosso talent search, told original stories, retold existing stories, read stories and said poems. We received 2 124 entries through Nal'ibali's special Story Bosso pop-up events, the Nal'ibali website, Nal'ibali's call centre and WhatsApp. Nonhlanhla Hadebe won first prize for her retelling in isiZulu of a story about a greedy spider with a special talent! In addition to a R3 000 cash prize, Nonhlanhla's winning story has been published as a book, which will also appear as a cut-out-and-keep book in the next edition of the Nal'ibali Supplement.

WILL YOU BE SA'S NEXT
STORY BOSSO?



Story Bosso is hier!

Story Bosso is Nal'ibali se jaarlikse veeltalige storievertel-talentkompetisie. Dit vind hierdie September oor die hele land plaas! Om Suid-Afrika se ryk erfenis van stories vertel te vier, nooi Nal'ibali alle Suid-Afrikaners - jonk en oud - om dit te geniet om stories in enige van die land se 11 amptelike tale te vertel en te deel.

In 2016 het die mense wat vir die Story Bosso-talentkompetisie ingeskryf het, oorspronklike stories vertel, bestaande stories oorvertel, stories gelees en gedigte voorgedra. Ons het 2 124 inskrywings deur Nal'ibali se spesiale Story Bosso-opwipbyeenkomste, die Nal'ibali-webwerf, Nal'ibali se inbelsentrum en WhatsApp ontvang. Nonhlanhla Hadebe het die eerste prys gewen met haar oorvertelling in isiZulu van 'n storie oor 'n gulsige spinnekop met 'n spesiale talent! Buiten die kontantprys van R3 000, is Nonhlanhla se wen-storie as 'n boek uitgegee, wat ook in die volgende uitgawe van die Nal'ibali-bylae as 'n knip-uit-en-bêreboekie sal verskyn.

Will you be South Africa's next Story Bosso?

Enter this exciting talent search and stand a chance of winning fantastic prizes as well as being crowned the Story Bosso of 2017! To find out more, visit: www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.



Gaan jy Suid-Afrika se volgende Story Bosso wees?

Skryf in vir hierdie opwindende talentkompetisie en staan 'n kans om fantastiese pryse te wen en ook gekroon te word as die Story Bosso van 2017! Om meer uit te vind, gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi.

NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

Ikwewezi FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

Lesedi FM on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

Ligwalagwala FM on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

Munghana Lonene FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

Phalaphala FM on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

Thobela FM on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

Ukhozi FM on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

Umhlobo Wenene FM on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

X-K FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

Ikwewezi FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

Lesedi FM op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

Ligwalagwala FM van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

Munghana Lonene FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

Phalaphala FM van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.

Thobela FM op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.


Ukhozi FM op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

Umhlobo Wenene FM van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

X-K FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.



Hanna's friends



By Wendy Hartmann ✨ Illustrations by Niki Daly

Hanna's dad was a fisherman. He dashed out of the house to go to sea. He waved goodbye as he left. Hanna knew he would be away for days and days, but when he came home, he would bring back fresh fish to fry.

Then Hanna's mom whooshed away like the wind. She had to work every day of the week for a whole month.

"I'm late," she shouted. "Tannie Taliep from next door is coming over. Stay inside until she comes. See you later. Love you lots." She blew kisses as she ran for the bus.

Hanna stared through the window at the blue, blue sky. She felt all alone. She picked up a piece of paper and a pencil and made a drawing of a face with tears running down the cheeks. Then she heard Tannie Taliep unlock the front door.

"Morning, Hanna," said Tannie Taliep. "What's this?" She took the piece of paper and looked at it. "Mmm," she said, "no time for nonsense. Go to Allie's next door and buy bread and milk. I need my tea."

As she closed the front door, Hanna saw her drawing crumpled in a little ball on the kitchen floor. At Allie's, she waited until Mr Ismail saw her.

"Hello, Hanna," he said smiling. "Bread and milk as usual? Still not tall enough to reach the shelf?" She shook her head. "Never mind, you'll grow soon."

He laughed kindly and she smiled back at him. Then she looked down. On the floor, next to her feet was a piece of paper – one page with a few words and a lot of pictures on it. She picked it up. Mr Ismail saw it.

"You'll be surprised what the wind blows in here," he said. "You can have it if you want." He handed her the bread and milk. "Here you go – here's your shopping."

"Hurry-hurry," shouted Tannie Taliep as Hanna opened the door, "my soapie has already started on TV." She took the shopping bag from Hanna and made tea in a hurry.

Hanna sat down at the kitchen table. She smoothed out the piece of paper she had picked up and read one word – Jamela. There were lots of pictures of Jamela. Jamela blowing out candles on a birthday cake. Jamela hiding in a cardboard box. Jamela wrapped in a lovely cloth and Jamela holding a little red hen.



Hanna sighed. She wished it was Monday. She wanted to see if there was someone at school named Jamela. She wanted to find a friend just like Jamela.

On Monday, she ran to Miss Witbooi's class. "Please, Miss, do you know Jamela?"

"There's no Jamela here. Go back to your class," said Miss Witbooi.

On Tuesday, Hanna went to Mrs Booyesen's class. "Please, Mrs ...", but she didn't get any further.

"Hanna Pieterse! What are you doing here? Lessons have started," shouted Mrs Booyesen.

On Wednesday, she asked Mr Hendricks. But no one knew Jamela.

Hanna looked at the pictures on the piece of paper so many times that the page fell to pieces and Jamela was gone.

Then one day, the whole class went on an outing to the library. There, behind the counter, was a woman with a kind face. Hanna went up to her.

"Ye-es," said the woman. "Have you chosen a book?"

Hanna shook her head, then asked, "Do you know Jamela?"

The woman leaned forward. "Are you with the class that is here on an outing?" she asked. Hanna nodded and hoped the woman would not be angry. The woman frowned. She walked to the other side of the counter and took Hanna by the hand. "Come with me," she said and smiled. "I do know a little girl named Jamela. I also know a little boy named Ashraf. I even know a mouse named Wolfgang."

For one whole wonderful, exciting hour, Hanna met so-oo many friends. She opened books and went to different places all over the world. On the pages, she saw the most amazing things. In the pictures, she saw all the wonderful things that Jamela did.

When Hanna's mom stopped working on weekends and her father was home from the sea, they sat together and read books. Together they went shopping with Jamela and dancing with Papa Lucky. They even went for a walk with a giraffe.



And Hanna forgot all about drawing sad faces and feeling alone because now she never was.

Hanna se pa is 'n visserman. Hy haas by die voordeur uit om see toe te gaan. Hy waai tot siens terwyl hy wegloop. Hanna weet hy gaan dae lank weg wees, maar wanneer hy huis toe kom, sal hy lekker vars vis bring om te eet.

Toe swiep Hanna se ma weg soos die wind. Sy moet 'n hele maand lank elke dag van die week werk.

"Ek's laat," roep sy. "Tannie Taliep van langsaan kom oor. Bly binne tot sy kom. Sien jou later. Lief jou baie." Sy waai soentjies terwyl sy hardloop om die bus te haal.

Hanna staar by die venster uit na die blou, blou lug. Sy voel heeltemal alleen. Sy tel 'n vel papier en 'n potlood op en teken 'n gesig met trane wat teen die wange afloop. Toe hoor sy hoe Tannie Taliep die voordeur oopsluit.

"Môre, Hanna," sê Tannie Taliep. "Wat het jy daar?" Sy vat die stuk papier en kyk daarna. "Mmm," sê sy, "g'n tyd vir nonsens nie. Gaan koop gou melk en brood by Allie se winkel. Dis tyd vir my tee."

Toe sy die voordeur toemaak, sien Hanna haar tekening in 'n klein, opgefrommelde bolletjie op die kombuisvloer. By Allie se winkel wag sy tot mnr. Ismail haar sien.

"Hallo, Hanna," sê hy met 'n glimlag. "Brood en melk soos gewoonlik? Nog nie lank genoeg om by die rak by te kom nie?" Sy skud haar kop. "Toemaar, een van die dae is jy lank genoeg."

Hy lag vriendelik en sy glimlag vir hom. Toe kyk sy af. Op die vloer, by haar voete, lê 'n stuk papier – een bladsy met 'n paar woorde en baie prente daarop. Sy tel dit op. Mnr. Ismail sien dit.

"Jy sal verbaas wees oor wat die wind hier inwaai," sê hy. "Jy kan maar die papier vat as jy dit wil hê." Hy gee vir haar die brood en melk. "Daar's hy – jou inkopies."

"Toe-toe, maak gou," roep Tannie Taliep toe Hanna die deur oopmaak, "my TV-sepie het al begin." Sy vat die inkopiesak by Hanna en maak gou-gou tee.

Hanna gaan sit by die kombuistafel. Sy vee die stuk papier wat sy opgetel het glad en lees een woord – Jamela. Daar is baie prente van Jamela. Jamela wat kersies op 'n verjaardagkoek uitblaas. Jamela wat in 'n kartonboks wegkruip. Jamela wat in 'n pragtige stuk materiaal toegedraai is en Jamela wat 'n klein rooi hennetjie vashou.



Hanna sug. Sy wens dit was Maandag. Sy wil sien of daar iemand by die skool is met die naam Jamela. Sy wil 'n maat soos Jamela hê.

Maandag hardloop sy na Juffrou Witbooi se klas toe. "Juffrou, ken juffrou vir Jamela?"

"Daar's geen Jamela hier nie. Gaan terug na jou klas toe," sê Juffrou Witbooi.

Dinsdag gaan Hanna na mev. Booysen se klas toe. "Juffrou, ...", maar sy kom niks verder nie.

"Hanna Pieterse! Wat maak jy hier? Die klasse het begin," skree mev. Booysen.

Woensdag vra Hanna vir mnr. Hendricks. Maar niemand ken vir Jamela nie.

Hanna kyk so baie na die prente op die stuk papier dat die bladsy in stukkes skeur, en Jamela is weg.

Toe, op 'n dag, gaan die hele klas op 'n uitstappie na die biblioteek. Daar, agter die toonbank, is 'n vrou met 'n vriendelike gesig. Hanna stap na haar toe.

"Ja-a," sê die vrou. "Het jy al 'n boek gekies?"

Hanna skud haar kop en vra dan: "Ken u vir Jamela?"

Die vrou leun vorentoe. "Is jy deel van die klas wat hier is vir die uitstappie?" vra sy. Hanna knik en hoop die vrou sal nie kwaad wees nie. Die vrou frons. Sy kom uit agter die toonbank en vat Hanna se hand. "Kom saam met my," sê sy en glimlag. "Ek ken 'n klein dogtertjie met die naam Jamela. Ek ken ook 'n klein seuntjie met die naam Ashraf. Ek ken selfs 'n muis met die naam Wolfgang."

Een volle, wonderlike uur lank maak Hanna so-oo baie maats. Sy maak boeke oop en reis na verskillende plekke oral oor die hele wêreld. Op die bladsye sien sy die ongelooflikste dinge. In die prente sien sy al die wonderlike dinge wat Jamela doen.

Toe Hanna se ma nie meer naweke werk nie, en haar pa terug is van die see af, sit hulle saam en boeke lees. Saam gaan doen hulle inkopies saam met Jamela en dans saam met Papa Lucky. Hulle gaan stap selfs saam met 'n kameelperd.



En Hanna vergeet skoon daarvan om hartseer gesigte te teken en alleen te voel, want nou is sy nooit meer hartseer of alleen nie.

★ Na'ibali fun

★ Na'ibali-pret



3. Make a list! Write down the ways in which you use reading and writing in your life – at home and at school. If you can't think of all the ways now, cut out this list and keep it. Then you can add to it later.

Maak 'n lys! Skryf die maniere neer waarop jy lees en skryf in jou lewe gebruik – by die huis en by die skool. As jy nie nou aan al die maniere kan dink nie, knip hierdie lys uit en bêre dit. Jy kan later nog dinge byvoeg.

1. The slogan on the poster on page 9 is, "Reading is out of this world!". Try creating your own catchy International Literacy Day slogans that inspire others to try reading and writing for themselves!



Die slagspreuk op die plakkaat op bladsy 10 is, "Lees verbreed jou wêreld!". Probeer jou eie gevatte slagspreuke vir Internasionale Geletterdheidsdag skryf om ander te inspireer om self te probeer lees en skryf!

Reading/Lees: _____

Writing/Skryf: _____

Stories/Stories: _____

The ways I use reading and writing in my life
Die maniere waarop ek lees en skryf in my lewe gebruik

1.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.

2. Mbali is Neo's sister and she is two years old. She loves books with rhymes in them, but she also enjoys pretending to read Neo's books. She often reads to her teddy bear and to Bella's dog, Noodle. What do you think the title of the book is that Mbali is reading in the picture? Write what she's saying in the speech bubble and then draw a picture or write something in the thought bubble to show what her teddy bear is thinking.

Mbali is Neo se suster en sy is twee jaar oud. Sy hou baie van boeke met rympies, maar geniet dit ook om te maak of sy Neo se boeke lees. Sy lees dikwels vir haar teddiebeer en ook vir Bella se hond, Noodle. Wat dink julle is die titel van die boek wat Mbali in die prent lees? Skryf dit wat sy sê in die praatborrel en teken dan 'n prent of skryf iets in die denkborel om te wys wat haar teddiebeer dink.



Would you like to receive stories and literacy tips on your cellphone? Join Na'ibali on WeChat. Visit www.nalibali.org to find out more.



Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Wil jy graag stories en wenke oor geletterdheid op jou selfoon ontvang? Sluit op WeChat by Na'ibali aan. Gaan na www.nalibali.org om meer uit te vind.

Produced for Na'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translation by Anita van Zyl. Na'ibali character illustrations by Rico.